Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 12. Kaapstad, 17 Desember 1952. Prys 3d. Nr. 5.

# S.-AFRIKA KRY EIE KONINGIN

**Wanneer die Britse Koningin op 2 Junie 1953 gekroon word, sal haar Suid-Afrikaanse kroningstitels die volgende wees:**

**Elizabeth die Tweede, Koningin van Suid-Afrika en van Haar ander Ryke en Gebiede, Hoof van die statebond.**

Die Koningin se Suid-Afrikaanse betiteling is nie deur die S.A. Parlement bepaal nie. Dit is bepaal op die Empire-konferensie van eerste ministers wat so pas in Londen afgesluit is. Die S.A. Parlement sal maar net die besluit van die „Empire-kabinet" bekragtig.

Die Britse vorstin sal in Juniemaand Koningin genoem word van al die statebondskoninkryke — met uitsondering van Pakistan. Sy sal nie Koningin van Pakistan heet nie. In dié land sal sy bekend staan as Koningin van die Verenigde Koninkryk.

# STEUN BELOOF VIR *DIE REPUBLIKEIN*

## Offisiere Wil Stryd Beslis Voortsit

**Die Offisiere van die Ossewabrandwag in Kaapland het verlede Saterdag op 'n vergadering van die Beheerraad eenparig besluit dat *Die Republikein* so spoedig moontlik uitgegee moet word en dat die O.B.-lede van Kaapland die blad, geldelik en andersins, ten volle sal ondersteun.**

**Dr. F. D. du T. van Zyl, voorsitter van die direksie van die blad, het verklaar dat *Die Republikein* nie die orgaan van enige politieke party of organisasie sal wees nie. Hy sal die onafhanklike mondstuk van Afrikaner-republikanisme wees. Die blad sal reeds op 14 Januarie 1953 verskyn en £5,000 is onmiddellik nodig om sy gereelde verskyning te verseker.**

**Daar het 'n spontane oproep uitgegaan van die Beheerraad dat elke lid van die O.B. en elke republikein mildelik moet bydra tot die blad se fondse en onvermoeid intekenare op die blad moet werf. Die Beheerraad het met blydskap verneem van die steun vir die blad wat uit die noordelike O.B.-gebiede verwag kan word.**

**Die vergadering van die Beheerraad is gehou in die Ebenezer-saal, Maitland, onder die voorsitterskap van mnr. P. A. Retief (hoofgeneraal).**

### IS DIT ONS ERNS?

Die leier van die O.B. in Kaapland, dr. Van Zyl, het verklaar dat dit die O.B. se taak is om die Afrikanervolk te lei in 'n partylose republikeinse rigting. Indien ons ideale ons erns is, het hy gesê, is dit ons plig om dit te verkondig. Ons moet dit doen op enige manier wat blyk prakties en doeltreffend te wees.

**Dr. Van Zyl het gesê dat Suid-Afrika gedegenereer het ten opsigte van die republikanisme — nie onder 'n Sap-regering nie, maar wel onder 'n regering wat voorgee republikeins te wees. Vroeër het ons net 'n koning van Engeland gehad maar nou het ons 'n koningin van Suid-Afrika gekry. Ons is op 'n weg gelei deur sogenaamde republikeine wat ons eenvoudig vaster en vaster aan Brittanje bind. Waar ons gedink het dat hulle vir ons die republiek sal bring het hulle vir ons die koningin tot binne-in Suid-Afrika gebring.**

### O.B. SE PLIG

Aan nasionaalgesinde kant is die neiging vandag om die propaganda te maak dat alle kragte ingegooi moet word om die regering aan bewind te hou. Maar terselfdertyd word die tradisionele ideale van ons volk in die vergetelheid geplaas. Daarom is daar 'n organisasie en voorligting nodig om daardie ideale aan die volk te stel.

Die Ossewabrandwag is nog die enigste organisasie in die land wat konsekwent die republikeinse ideaal verkondig het. Dit is derhalwe sy plig om toe te sien dat die verkondiging van die ideaal voortgaan, aldus dr. Van Zyl.

### O.B. IS OP REGTE PAD.

**Mnr. Fanie Marais, van die**

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)

# VOORSITTER SE HULDE AAN DIE O.B.: SY WERK WAS NIE VERGEEFS NIE

**„*Die O.B.* sal eersdaags sy taak neerlê. Dit is met 'n gevoel van weemoed dat ons van ons blad afskeid neem," skryf prof. Dirk van Rooy, voorsitter van die Grootraad, in 'n huldigingsboodskap aan die blad. Voortgaande verklaar hy: „Dwarsdeur die woelige jare van die jongste verlede het *Die O.B.* onbevreesd en kloekmoedig die koers aangedui. Sonder aansien des persoons en sonder doekies om te draai het hy sy mening uitgespreek. Alhoewel klein van formaat het die blad leesstof aangebied waarvan vriend en vyand deeglik notisie moes neem.**

**„Binnelandse aangeleenthede is onder die vergrootglas geneem en die beleid sowel van die vorige as van die huidige regering, is aan 'n noukeurige ontleding onderwerp.**

### KONSEKWENT

„In sy konsekwente bestryding van ons ingevoerde partystelsel met sy menigvuldige euwels het dit dikwels gebeur dat persone wat in hulle hart dieselfde ideale as **Die O.B.** huldig, vanweë hul partyverband 'n paar rapse gekry het. Dit het 'n verstaanbare mate van vervreemding in die hand gewerk.

### VERGUISING

**„Maar dit ly hoegenaamd geen twyfel dat Die O.B. baie meer moes verduur as wat hy uitgedeel het. Geen blad is so skeef voorgestel en verguis nie. Alleen moes hy sy paadjie veg met die hand van elk en 'n ieder teen hom. Slegs 'n rotsvaste geloof in die saak wat hy voorgestaan het en 'n onverwoesbare oortuiging dat hy dit so en nie anders kon en moes doen nie, kon die redakteur en sy medewerkers in dié omstandighede staande hou. Eie heil en bevordering was vir hulle allermins dryfveer en doel.**

### OPBOUEND

„Gewoonlik het **Die O.B.** die saak voorop gestel en was sy kritiek saaklik en opbouend van aard. Daarin is getrou volgens O.B.-beginsels opgetree en dit het wel sy invloed op die verloop van sake uitgeoefen. **Ten opsigte van binnelandse aangeleenthede en beleid was Die O.B. die stem van die volksgewete.**

### LESENSWAARDIG

„Maar ook met **buitelandse** verwikkelinge was **Die O.B.** altyd goed op hoogte en het hy lesenswaardige artikels gelewer. Om die koring van die kaf te skei in ons tyd van tendensieuse beriggewing is voorwaar geen maklike taak nie. Tog het **Die O.B.** op hierdie gebied naam gemaak deur sy onderskeidingsvermoë en betroubaarheid.

### BEGINSELTROU

**„Ons sal ons blaadjie mis. Ons dink met dankbaarheid aan al die goeie wat hy vir ons gebring het. Die blad het in die teken van offervaardigheid en beginseltrou gestaan en gearbei. Sy werk was nie tevergeefs nie. Hy verdwyn nou om vir DIE REPUBLIKEIN plek te maak. Ons neem dus afskeid van die een om die ander te begroet."**

*Werwers vir*

## DIE REPUBLIKEIN

***Die Republikein*** **wil graag een of meer amptelike intekenaarwerwers hê in elke dorp en distrik. Persone wat bereid is om hierdie noodsaaklike diens te verrig, moet asseblief dadelik met *Die Republikein*, Posbus 1411, Kaapstad, in verbinding tree vir die nodige magtiging.**

***'n Kommissie van 2s. 6d. sal betaal word ten opsigte van elke intekenaar wat vir 'n jaar (volopbetaal) gewerf word.***

**Hier is 'n kans vir studente om 'n hele paar pond sakgeld te verdien!**

***SKRYF DADELIK!***

# BYNA £600 MILJOEN PER JAAR VERWED IN ENGELAND

**Die Engelse volk spandeer byna £600,000,000 jaarliks aan dobbelary volgens 'n bevinding van 'n kerklike kommissie van ondersoek na die saak. In 1951 was die totale dobbelbedrag £592,000,000, en dit was as volg verdeel tussen die verskillende dobbelarye: Perdewedrenne £400,000,000; Hondewedrenne £135,000,000; Voetbalpoele £57,000,000.**

*Het u al gedink aan 'n mooi*

## KERSGESKENK ?

**WATTER GESKENK LÊ DIE NAASTE AAN ELKE AFRIKANER SE HART?**

*Bo alle ander dinge*

*DIE REPUBLIEK*

*Vanjaar kan U dit aan 'n vriend SKENK*

**LEES HIER** ⟶

**Vanaf 14 Januarie 1953 sal Die Republikein, voorloper van die Republiek, weekliks verskyn. Dis 'n onafhanklike koerant wat slegs die strewe van elke republikeinse Afrikaner sal bevorder. Intekengeld net 15/- per jaar of 7/6 vir ses maande.**

**Vul NOU meegaande opdrag in en skenk hierdie Kersfees die Republiek aan u vriende.**

---

**OPDRAG**

**Die Sekretaris, DIE REPUBLIKEIN,**
**Posbus 1411, KAAPSTAD.**

Ek sluit ................................................ in om

**Die Republikein** vir ........................... maande te stuur aan:

Naam ...............................................................

Adres ...............................................................

...............................................................

...............................................................

Pos kwitansie aan bogenoemde en heg netjiese kaartjie aan om te sê dat dit 'n Kersgeskenk is van my.

...............................................................

Naamtekening

DIE O.B., WOENSDAG, 17 DESEMBER 1952

# SY BOODSKAP IS GEBRING

Die stryd wat Die O.B. as mondstuk van die Ossewabrandwag die afgelope elf jaar gevoer het, was meer as 'n stryd vir die bevordering van organisatoriese belange. Dit was 'n stryd om behoud van en terugkeer tot ons volledige volkserfenis. Dit het meegebring dat die blad die rol van profeet moes speel, en om profeet te speel in 'n tyd van kwynende volksbesef is nie 'n makliker taak as om profeet te wees in tyd van godsdienstige verval nie. Die profeet is die gewete wat waarsku en vermaan, wat oproep tot verset; hy is die pretbederwer, die ouderwetse wat inbeur teen die gladde voortgang van die samelewing. Hy is die groot rusverstoorder, die ontoegeeflike, die beginselruiter wat nie buigsaam genoeg is vir die praktiese lewe nie.

En tog, waar sou 'n volk beland as hy geen profete het nie, daardie woestynbewoners wat die weelde van die dag verruil vir 'n harige mantel en die spyse van die tafel vir sprinkane? Want tydens sy lewe is die profeet meer dikwels aan die verloorkant, maar sy boodskap, as dit eg is, kom uiteindelik uit aan die wenkant.

## GEDEELTELIK OORWIN

In sy lang stryd om voortbestaan het ons volk op verskillende terreine hard moes veg om te wen. Nadat 'n paar enkelinge 'n driekwart eeu gelede die profetemantel omgehang het ten behoewe van ons taal, is hierdie stryd so deeglik gewen dat daar selfs onder ons bitterste vyande vandag mense is wat glo en vrees dat Afrikaans uiteindelik die enigste blanke taal van Suidelike Afrika sal wees. Ons kulturele stryd teen die verengelsingsproses is gewen, en so ook is die oorwinning van die Afrikaner op ekonomiese gebied 'n uitgemaakte saak. **Die baanbrekers in hierdie stryd het veel verguising moes verduur, selfs uit eie kring. Die Genootskappers van die sewentiger jare moes aanvanklik selfs in die geheim vergader en dat hulle met spot en hoon begroet is deur hul eie mense klink vandag ongelooflik. Daardie taalprofete het baie smaad verduur, maar hul boodskap het glorieryk oorwin.**

Een lewensterrein van ons volk bly nog ontoegeëien: Die staatkundige, en dit was op hierdie terrein dat Die O.B. hom toegespits het. Ons staatsimbole is nog vreemd en — veel gevaarliker — ons staatsinstellings is nog dié van die veroweraar. **Soos een van ons groot taalprofete die stelling geproklameer het dat die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde die taal is van slawe, geld dit ook vir die politieke lewe: Die instellings en simbole van die veroweraar in die hande en op die vaandels van die verowerdes is die instellings en simbole van slawe.**

## DODELIKE GEVAAR

Die O.B. het hom geroepe gevoel om teen hierdie ongerymdheid op te wek en te waarsku. Hy het die volkseie republiek verkondig, maar omdat selfs die **veroweraar** al begin het om sy spinnerakke te weef volgens die patroon van 'n republiek en omdat dit by ons voorouers nie soseer oor die uiterlike vorm en naam gegaan het nie, as oor die **staatsinhoud** — sommige van hul republieke is amptelik genoem „Maatschappij" en sommige van hul presidente „Commandant-generaal" en selfs „Goewerneur" — het Die O.B. dit sy taak geag om die suiwere ideaal te verkondig van die partylose volksrepubliek. En veral hieroor moes hy veel vyandskap verduur. **Maar die Brits-ingevoerde partystelsel is nie net volksvreemd en daarom verwerplik nie, maar ook dodelik gevaarlik vir 'n land soos Suid-Afrika. Ons kan maar net hoop dat die prys wat ons volk vir hierdie stelsel nog gaan betaal nie groter as sy lewe sal wees nie.**

**'n Republiek met behoud van die partystelsel is 'n waardelose Britse fopspeen. Dit sal op dieselfde neerkom as om die baba se melkbottel met gif te vul en dan tevrede te sê: „Nou het die baba sy bottel," of — om 'n beeld nader aan die heersende verkiesingsatmosfeer te gebruik — om 'n witkaffer in jou vrykamer te nooi en dan te sê: „Nou het my blanke gas gearriveer."**

En dit was hierdie aspek van ons profesie wat veral die nyd van mede-Afrikaners opgewek het. Selfs in die wandelgange van die parlement is daar republikeine wat die noodlottigheid van die partystelsel erken, maar as die koukussweep — daardie waghond oor partywelvaart — eers klap, dan is hy wat beswaar maak teen die stelsel 'n vyand.

**Maar die boodskap is gebring en die waarskuwings is geplant in die harte van duisende wat dit sal voortdra, en hoewel Die O.B. nou sy kop gaan neerlê as profeet, weet ons dat sy boodskap sal voortleef tot die oorwinning. Die geslag sal verskyn wat sy stryd sal begryp en waardeer. Die O.B. hoop dat daardie begrip en waardering sal voortvloei uit die vreugde van oorwinning en nie uit die wroeging van verwyt nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Beskeie Bespiegeling*

Na aanleiding van die afbakening waarvolgens die aanstaande algemene verkiesing geveg sal word, het 'n politieke skrywer van die Nasionale Party 'n bespiegeling oor die twee groot politieke partye se kanse in die verkiesing in al die N.P.-koerante laat verskyn.

Ek vind dat die skrywer nogal heeltemal beskeie was.

Volgens hierdie N.P.-skrywer staan die Nasionale Party 'n redelike kans om al die Vrystaatse setels te verower. Indien dit gebeur sal die Verenigde Party sy enigste Vrystaatse setel — Bloemfontein Stad — verloor. Indien die uitslag derhalwe baie gunstig vir die N.P. is kan die party dertien setels in die Vrystaat verower; indien die uitslag egter baie gunstig vir die V.P. is kan die party een setel in die provinsie verower; en indien die uitslag gemiddeld is kan die N.P. twaalf en die V.P. een setel verower.

### *Natal en Kaapland*

Natal het met die afbakening een setel verloor, nl. Kliprivier, wat 'n N.P.-setel was. Die N.P. behou dus twee setels in Natal (hy het tans drie), maar een van die setels, Newcastle, is in gevaar. Geen van die V.P.-setels verkeer in gevaar, volgens die N.P.-skrywer nie. Indien die uitslag gemiddeld is kan die N.P. in Natal een setel verower en die V.P. veertien; indien uitslag baie gunstig vir die N.P. is kan die party twee setels verower; en indien die uitslag baie gunstig vir die V.P. is kan die party veertien setels verower.

Kaapland het ook met die afbakening een setel verloor, nl. Calvina, wat 'n N.P.-setel was. Owerigens verkeer twee N.P.-setels, die nuwe setel Caledon (wat die ou Bredasdorp was) en die Paarl in gevaar. Drie V.P.-setels, Vasco, Hottentots-Holland en Port Elizabeth Noord verkeer egter ook in gevaar. Indien die uitslag derhalwe gemiddeld is kan die N.P. agt-en-twintig setels en die V.P. ses-en-twintig setels in Kaapland verower. Indien die uitslag egter baie gunstig vir die N.P. is (wat beteken dat hy niks verloor nie en die V.P. se gevaarsetels afvat) kan die N.P. dertig setels in Kaapland verower; en indien die uitslag baie gunstig vir die V.P. is kan hy nege-en-twintig setels in Kaapland verower.

### *Transvaal en Suidwes*

Transvaal het twee setels bygekry en volgens die N.P.-skrywer kan die N.P. en die V.P. elk een daarvan verower, nl. die N.P. Vanderbylpark en die V.P. Noord-Rand. Owerigens is daar vier N.P.-setels, nl. Vereeniging, Geduld, Barberton en Marico in gevaar, terwyl daar twee V.P.-setels, Alberton en Nigel in gevaar is. Indien die uitslag gemiddeld is kan die N.P. ses-en-dertig setels en die V.P. twee-en-dertig setels in Transvaal verower. Indien die uitslag baie gunstig vir die N.P. is kan hy veertig setels verower; en as die uitslag baie gunstig vir die V.P. is kan hy vier-en-dertig setels verower in Transvaal. Dit is die helfte van die Transvaalse setels.

Volgens die N.P.-skrywer moet nie verwag word dat die N.P. weer al ses setels in Suidwes sal verower nie. Die V.P. verwag glo om drie te verower. Indien die uitslag gemiddeld is kan die N.P. vier en die V.P. twee setels verower. Indien die uitslag egter baie gunstig vir die N.P. is kan hy die ses setels behou; en indien die uitslag baie gunstig vir die V.P. is kan hy drie setels verower.

Vir die doeleindes van hierdie berekening het ek die Arbeidersparty se setels by die V.P. ingereken.

### *Moontlike Meerderhede*

Indien die verkiesing se uitslag gemiddeld is sal (volgens bostaande berekening) die N.P. een-en-tagtig setels verower en die V.P. vyf-en-sewentig waarby die drie naturelle-verteenwoordigers bygereken moet word om 'n totaal van agt-en-sewentig te maak. So 'n uitslag sal die regering se posisie onhoudbaar maak.

Indien die uitslag van die verkiesing egter baie gunstig vir die N.P. is kan hy een-en-negentig setels verower teenoor die V.P. se vyf-en-sestig, wat na agt-en-sestig opgeskuif sal word deur die naturelle-verteenwoordigers. Met so 'n uitslag sal die N.P. sy posisie verbeter. Hy hou tans ses-en-tagtig setels.

Indien die uitslag vir die V.P. baie gunstig is kan hy een-en-tagtig setels verower teenoor die N.P. se vyf-en-sewentig. Saam met die naturelle-verteenwoordigers sal die V.P. dan 'n meerderheid van nege hê — wat dit vir die V.P. maar moeilik sal maak om te regeer.

### *V.P. is Skepties*

Ek herhaal dat ek die N.P.-skrywer se bespiegeling, wat ek verwerk het, nogal heeltemal beskeie vind. Dit is gebaseer op die aanname dat die kiesers van 1953 min of meer hul oortuigings van 1948 sal handhaaf. Die aanname mag verkeerd wees en dan sal die bespiegeling vanselfsprekend ook verkeerd wees.

Toe ek die gunstigste posisie vir die V.P. hierbo weergegee het, het ek van die veronderstelling uitgegaan dat die V.P. alle setels wat hy tans het sal behou en al die N.P. se gevaarsetels sal afvat. Dit lyk nie vir my asof in V.P.-kringe geglo word dat die party al die setels wat hy tans het sal behou nie. Ek sê dit op grond van die nominasie-geskarrel in V.P.-geledere. In Kaapland is alreeds aan die hand gedoen dat Sir de Villiers Graaff, die V.P.-leier, uit Hottentots-Holland moet padgee, en mnr. Mushet, die voormalige leier uit Vasco, sodat altwee veiliger setels kan betwis. En in Transvaal het mnr. Marais Steyn alreeds uit Alberton padgegee. En tog praat die V.P.-leiers asof hulle die verkiesing gaan wen. In die geval moet hulle verwag om N.P.-setels te verower wat deur die N.P. as veilig beskou word.

### *Baie Aspirant-kandidate*

In die Nasionale Party het die nominasie-gewoel ook alreeds begin. Verskeie ou parlementêre strydrosse van die party het besluit om te gaan rus, en daar is hoegenaamd nie 'n tekort aan aspirante om hulle plekke in te neem nie. Maar daar is nie net aspirante wat die plekke van die uittreders wil inneem nie. Daar is talle aspirante wat besig is om kragte te meet met ou strydrosse wat baie graag weer in die parlementêre span wil trek.

Die Vaderland, lyfblad van mnr. Havenga, kla dat nie minder as ses volksraadslede van die voormalige Afrikanerparty 'n opdraende nominasie-stryd in hul huidige kiesafdelings moet voer nie. Die blad berig dat op 'n buitengewone vergadering van die Afdelingsbestuur van die N.P. in Pretoria-distrik (mnr. Harm Oost se setel) het die meerderheid besluit om 'n komitee te benoem wat mnr. Oost se twee opponente moet spreek oor die wenslikheid dat mnr. Oost, 'n voormalige A.P.-lid, nie geopponeer moet word deur voormalige H.N.P.-lede nie. Die blad sê nie hoe groot die minderheid is wat nie hierdie besluit ondersteun het nie.

### *Nog Diskriminasie teen Oud-A.P.-lede*

Owerigens kla Die Vaderland dat „daar nog 'n neiging (is) in beperkte kringe in sommige van die kiesafdelings (waar nominasie-stryde teen oud-A.P.-lede gevoer word) om misbruik te maak van die feit dat die sittende lede Afrikanerpartymanne was." Die blad haas hom egter om by te voeg dat „die aanduidings is dat hierdie soort ondermynende propaganda hoegenaamd geen ingang vind nie."

Maar dit is nie net die N.P. wat hierdie soort moeilikheidjies het nie. Die V.P. het weer sy Arbeidersparty en alles wat blink in die twee teenoorgestelde bondgenote se tuin is nie altyd goud nie.

### *Daar is Heimwee in my Hart*

Vandag is my hart vol heimwee. Ek neem vandag afskeid van Die O.B. — daardie dapper klein vaandel draer van die onvervalsde waarheid. Die O.B. het onvermoeid gepleit vir staatkundige vryheid gepaard met sosiale geregtigheid. Die blad was nooit 'n handlanger van gevestigde belange nie. Hy was onbevreesde hervormer.

Vir my was dit 'n voorreg om medewerker van Die O.B. te wees — 'n voorreg en 'n eer.

Nou neem ek afskeid van Die O.B., maar daar is geen droefheid in die afskeid nie — net heimwee. Want Die O.B. is nie dood nie. Hy leef voort in Die Republikein.

Aan al my lesers wens ek 'n geseënde en gelukkige Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwe Jaar.

„Soet is die stryd vir die stryder."

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

# BRITTANJE BOET VIR SY TROUELOOSHEID

**Soos 'n hen wat eendjies uitgebroei het en nou op die damwal rondtrippel en vir hulle kloek om uit die water te kom, is Engeland op die oomblik besig om senuweeagtig rond te trippel. Die geval is so: In Honululu het Engeland 'n nederlaag, 'n baie gevaarlike nederlaag gely wat hy nou graag wil uitwis. Wat beteken Honululu vir Engeland? Toe die lande Amerika, Australië en Nu-Seeland, wat die Ooreenkoms vir die Stille Oseaan aangegaan het, in Honululu kort gelede bymekaar gekom het, het hulle Engeland, die staatkundige moeder van Australië en Nu-Seeland nie uitgenooi na die konferensie nie. Vir moeder Engeland was dit nie alleen 'n skok nie, maar ook 'n groot belediging.**

**In die Britse laerhuis het die Arbeiderrebel Bevan skerp aanvalle teen Amerika op tou gesit. Selfs mense wat hulle in die verlede baie diskreet oor Amerika se politiek uitgelaat het, praat vandag in sterk bewoording teen Amerika en eis dat 'n toegewing aan Engeland gedoen moet word. Wat het dan gebeur?**

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Britse Ryk het twee Engelse kolonies oor hulle eie veiligheid en oor hulle eie militêre veiligheid met 'n derde moondheid, die V.S.A., 'n samespreking gevoer en 'n ooreenkoms aangegaan sonder dat Engeland 'n woordjie kon saampraat.

### Deur Ski

Australië en Nu-Seeland, bewus van Engeland se militêre magteloosheid en politieke onbetroubaarheid, het geen ander pad ingesien as om Amerika te nader om beskerming en Engeland te laat vaar nie.

Australië het in die Tweede Wêreldoorlog gesien dat dit nie Engelse maar wel Amerikaanse vegvliegtuie en bomwerpers was wat Australië van 'n Japanese verowering bewaar het.

Vir Churchill en sy party kan dit ernstige gevolge meebring, soos die lid van die Arbeidersparty, Bevan, reeds aangekondig het.

Vir die buitewêreld is die Honululu-affêre nog 'n bewys dat die Engelse Ryk steeds meer en meer uiteenval en dat die Konserwatiewe party net so min as die Arbeidersparty in staat is om die vlag van die Ryk weer op te hys.

#### VOORSPOOKSEL

Vir die Engelse Konserwatiewes kom dié waarneming baie ongeleë en hulle besef dat die geval Australië en Nu-Seeland 'n voorspel vir 'n uitmekaarspatting van die Statebond is. Die beste bewys vir die dreigende toestand is Kanada. Nie alleen die pers nie maar ook hoogste amptenare en ministers verklaar dat hulle van Engeland niks hou nie.

**Die werklike gevaar vir Engeland lê in die rigting van Amerika se anti-imperialistiese politiek. Amerika moet en wil alle ou imperialistiese state ontkroon — om in hulle plek Amerikanisme te set.** As Amerika Japan en Formosa nou as sy springplank teen rooi Sjina en Rusland wil behou, moet hy nie alleen Australië maar ook Nu-Seeland aan sy kant hê. Dit is suiwer matematies en dit geld ook vir Kanada.

Ten einde dit alles te verhinder en homself te red, het Engeland al sy hoop op die ekonomiese en finansiële konferensie in Londen gebou. Met 'n geweldige propaganda en sekere konsessies probeer Engeland sy statebonds-empire weer eens aanmekaar te ryg.

#### ONWILLIG

Maar die nasies weet dit en het uitgevind dat Engeland nie gewillig is om in Europa of Asië saam te werk nie. Engeland het nie die wil om dit te doen nie. Sy leuse was steeds: „England first." Engeland was in die begin nie gewillig om deel te neem aan die opbou van die Europese leër nie; net politieke druk ten aansien van sy finansiële toestand het Engeland gedwing om aan te sluit. Engeland het altyd, en probeer nog steeds die vorming van 'n verenigde Europa te verhinder. Hy het in die Verre Ooste steeds eie politieke paaie begaan en heimelik oorlogsgoedere aan rooi Sjina en Rusland gelewer. Australië se mening dat Engeland onvertroubaar is, word dus deur die feite gestaaf.

## Naturelle Besit Byna Helfte Van Beeste

Daar is meer as 11,500,000 beeste in die Unie, en hiervan besit die naturelle byna die helfte, naamlik 4,700,000, volgens die landbou-sensus van 1949-'50.

Dit blyk dat naturelle op blanke plase meer as 1,350,000 beeste van hul eie besit het, en dié in die reservate 3,350,000.

Transvaal het die grootste beesboerdery, daarna kom Kaapland, Natal en die Vrystaat.

Daar is 34,823,000 skape in die Unie.

## Wil Son Inspan vir Warm Water

Warmwatertoestelle wat deur die son verwarm word, sal in die loop van aanstaande jaar deur 'n Kaapstadse ingenieursfirma op die mark gebring word. In dele van die land waar die son dwarsdeur die jaar bestendig skyn, kan so 'n toestel ander kragbronne heeltemal vervang. Vir Wes-Kaapland, met sy winterreëns, word 'n toestel ontwerp wat deur elektrisiteit aangevul kan word sodra die warmte van die water onder 'n bepaalde graad is.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK


## Kersgroete

**VOORSLAG (EDMS.) BEPERK**

DIE DIREKSIE EN PERSONEEL VAN VOORSLAG (EDMS.) BEPERK wil langs hierdie weg lesers van Die O.B., ander ondersteuners en adverteerders 'n aangename Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

DIE REDAKSIE wil graag erkentlikheid en waardering betuig teenoor die lesers en leseresse van Die O.B. vir die talryke blyke van aanmoediging wat gedurende die afgelope jaar van hulle ontvang is. Dit is vir die Redaksie baie aangenaam om elke leser 'n geseënde Kersfees toe te wens, en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar.

DIE STAFHOOF EN PERSONEEL VAN DIE KAAPLANDSE HOOFKWARTIER wil graag alle offisiere en brandwagte, seën met Kersfees en voorspoed met die Nuwe Jaar toewens.

Aan alle Republikeinse Afrikaners 'n geseënde Kersfees en 'n baie gelukkige Nuwe Jaar.—E. L. STEYN.

Aan die lede van die Grootraad, alle offisiere, elke lid van ons Beweging, die personeel van ons geliefde blad; aan almal wat nog rotsvas staan by die O.B. en sy beginsels, aan elkeen wat nog sy bors van trots uitstoot waar hy van O.B.-gesindheid „beskuldig" word. Aan alle Vryheidstryders van die afgelope 14 jaar: hartlike seën wense, en mag die O.B.-drang steeds sterker brand. — GESIN P. KILIAN, Middelburg, Tvl.

MNR. EN MEV. D. F. DE SWARDT, Worcester, wens alle O.B.-offisiere en Brandwagte en die hele Boerevolk 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe, en onthou teken in en werf intekenaars op Die Republikein.

Beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar aan die Redaksie van Die O.B., aan al ons O.B.-vriende en lede van die Boerejeug. — Van PROF. EN MEV. DIRK VAN ROOY.

Ons bring hulde aan die O.B. vir sy kragtige en doelbewuste optrede in die verlede. Aan Die Republikein baie welkom! Aan Offisiere en Brandwagte en aan al ons vriende 'n baie geseënde Kersfees en mag die Nuwe Jaar u nader bring aan die verwesenliking van u ideale. — NICOLAAS UYS EN BROER, Slangrivier, Heidelberg, K.P.

MNR. EN MEV. S. KAMFFER van Bellville, wil graag langs hierdie weg alle O.B.-offisiere en -lede 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

MNR. W. R. LAUBSCHER wens alle O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwe Jaar. Mag die stryd vir ons ideale altyd besielend en vrugbaar wees.

GENL. EN MEV. J. D. DE V. TRUTER, van Kampsbaai, wens alle O.B.-lede 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

MNR. EN MEV. BENNIE LOTZ, van Ysterplaat, wens alle O.B.'s 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Lank lewe die O.B.!

MNR. EN MEV. R. P. VAN ROOYEN, van Ysterplaat, wens aan die Kaaplandse leiers, mnr. J. A. Smith en dr. F. D. du T. van Zyl, en hul gesinne en alle O.B.-lede 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar. Hou die republikeinse vaandel hoog!

MNR. EN MEV. S. HARRIS, van Tiervlei, wens alle O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en alle voorspoed met die Nuwe Jaar.

EERW. W. P. VAN DER MERWE EN GESIN, van Dordrecht, wens al die Offisiere en Brandwagte wat nog trou staan 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe. Voor in die wapad brand 'n lig!

Ons wens die Grootraad en amptenare en my Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwe Jaar. Laat ons hoop op die Heer gevestig wees.—GENL. J. L. SWART EN GESIN.

Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar aan alle Republikeine van die O.B. Ons geloof in die toekoms bly soos altyd onwankelbaar vas.—KOMDT. P. A. J. VAN DYK, Napier.

H/KOMDT. EN MEV. H. J. STEYN van Vasco, wens alle O.B.-vriende en Republikeine 'n geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Aan die Gebiedsgeneraal en gesin, mede-offisiere en Brandwagte, 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 1953.—Van KOMDT. EN H/KOMDTE. P. ROCHER, Velddrift.

'n Geseënde Kersfees en gelukkige Nuwe Jaar aan alle Republikeine.—MEV. C. LOMBARD, „Sonnekus," Faganstraat, Die Strand.

'n Geseënde Kersfees en 'n gelukkige Nuwe Jaar aan alle O.B.-vriende en ook aan die Nattes en Sappies.—Van MNR. EN MEV. VILJOEN, Bloemhof, Richmond.

GENL. EN MEV. J. H. GOUWS, van Groblershoop, wens alle O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en alle voorspoed met die Nuwe Jaar.

H/GENL. EN MEV. P. R. RETIEF, van Morceaux, Ceres, wens alle O.B.-vriende 'n baie geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

MNR. EN MEV. D. VILJOEN, Harmonie, Paarl, — 'n Geseënde Kersfees en 'n baie gelukkige Nuwe Jaar word aan alle vriende en O.B.-lede toegewens.

MNR. EN MEV. KINNIE TRUTER, Moorreesburg. — Aan alle vriende in die O.B. 'n gelukkige Kersfees en Nuwe Jaar.

H/KOMDT. DAWID JOUBERT wens die Montagu-kommando's, ook alle O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe.


## GESKIEDKUNDIGE BUNDEL

**'n Beperkte aantal ingebinde stelle van Die O.B. van die afgelope jaar sal eerlang beskikbaar wees, asook 'n paar bundels van die vorige jaar, teen £1 5s. stuk.**

**Bestel dadelik om seker te maak dat u hierdie historiese bundels ontvang. Skryf aan POSBUS 1411, KAAPSTAD.**

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

memo oor persoonlike keurigheid




Produkte van Suid-Afrika

Enigste Distribueerders in Suid-Afrika:

H. J. Niehaus (Edms.) Beperk

Posbus 4883, Johannesburg

Posbus 2108, Kaapstad

SANLAM

BIED UITKOMS AAN ELKEEN

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense soek
Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense vind
by

SANLAM

*die grootste Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy*

HOOFKANTOOR:
WAALSTRAAT 28 .... KAAPSTAD.

*Takke en agentskappe deur die hele Suidelike Afrika.*

S/ALG1

Beter Tabak maak Beter Sigarette Kommando

# STEEDS VASTER AAN BRITTANJE?

**Die Statebond (of die Britse konneksie) het twee grondpilare waarop die hele struktuur gebou is. Die eerste is die historiese verband en die tweede is gelykvormige regeringstelsels. Deur die historiese band met Brittanje te handhaaf, handhaaf ons die Britse konneksie. Deur ons staatsvorm nader na dié van Engeland te bring, verstewig ons die Britse konneksie. Aan die ander kant, indien ons by enige wysiging van ons grondwet ons eie verlede steeds voor oë hou en kyk wat daarin goed en nuttig is, bou ons mettertyd 'n eie Suid-Afrikaanse staatstelsel op en wikkel ons ons terselfdertyd al hoe meer los van Brittanje. Daar is geen tussenweg nie: enige grondwetsverandering is in sigself 'n losmaak van Brittanje of 'n vaster koppeling aan Brittanje.**

Nou is dit opmerklik dat ons huidige regering, wat bestaan uit, so neem ons graag aan, Afrikaner-republikeine, deur wetgewing ons parlement se soewereiniteit vas en seker bokant die hof wil stel.

Volgens koerantberigte het ons mees republikeinse minister, mnr. J. G. Strydom, voor die kongres van die Natalse Nasionale Party hom soos volg uitgelaat: **„Na die verkiesing gaan Wetgewing aangeneem word om die soewereine Parlement, onderworpe aan God, vir altyd onaantasbaar vir enige hof te maak. En die Nasionale Regering gaan dit doen. Die Engelse behoort tevrede te wees want die posisie met ons parlement sal dan net so wees as wat dit met die Britse parlement is."**

Minister Strydom is heeltemal korrek. Die Engelse, sowel hier as in Engeland behoort daarmee tevrede te wees. So 'n verdere gelykvormigmaking van ons grondwet met dié van Engeland is meteen 'n versterking van die Britse konneksie.

Maar ons geskiedenis is nou maar een maal nie "British History" nie, en blykbaar is ons staatsinstellings vandag ook nie presies 100% soos Brittanje s'n nie. Dit blyk al uit die blote feit dat ons 'n grondwet het en Brittanje nie.

### BRITSE POSISIE

In Brittanje is die posisie so: die Engelse staatsregtelike ontwikkeling stam uit die ou Germaanse tye en berus hoofsaaklik op 'n persoonlike, patriargale band tussen die koning en elk van sy onderdane. In die Engelse staatsreg is daar nie die volkeregtelike begrip van staatsonderdaanskap nie, maar wel koningsonderdaanskap.

Nie die staat nie, maar die koning is die spil waarom alles draai. Die gesag is nie staatsgesag nie, maar koningsgesag. Die lote uit hierdie een stam is „King in Parliament", „King in Council" en die „King in Court." Die vernaamste van hierdie lote is die „King in Parliament" wat die hoogste regter is deur die „High Court of Parliament." Dit is die rede waarom die regering en die

**Deur A. J. van Rooy**

howe altyd gebonde is aan die „Acts of Parliament": die parlement staan in alle gevalle bo hulle in rangorde.

Hieruit sien ons dat die Britse opvatting omtrent geregshof en parlement saamhang met hulle hele geskiedenis en staatsontwikkeling. Van oudsher af is die parlement deur sy „High Court of Parliament" die hoogste regter en dit is nie net deel van sy staatsreg nie, maar ook van sy hele regstelsel. Die „King in Parliament" staan bo die geregshowe, en die howe is altyd daaraan gebonde. Sodanig is die geskiedenis van Brittanje en sodanig is die posisie in Brittanje.

### BY ONS ANDERS

**In Suid-Afrika is die posisie anders omdat ons geskiedenis anders is.** Voor die verowering van die Kaap in 1795 en 1806 was die Romeins-Hollandse reg ons reg en hierdie Romeins-Hollandse reg het wat die privaatreg en die strafreg betref, bly voortbestaan, vir sover dit nie deur wetgewing gewysig is nie. Dit was immers 'n reël van die Britse veroweraar: „The laws of a conquered country continue in force until they are altered by the conqueror."

Ons howe het niks te doen met 'n „King in Parliament" en 'n „High Court of Parliament" nie. Dit is Britse instellings wat by die Engelse reg tuishoort. 'n „High Court of Parliament" het met die Romeins-Hollandse reg niks te make nie, en word eenvoudig nie daardeur erken nie.

### KEUSE

**Ons het vandag 'n parlement wat 'n namaaksel is van die Britse en wat in staatsregtelike dinge en in die privaatreg oorhoop lê met ons Romeins-Hollandse regstelsel. Een van die twee moet gebeur. Die parlement moet verander of ons moet ons Romeins-Hollandse regstelsel prysgee en dié van Brittanje oorneem. In laasgenoemde geval moet ons ons hele regsgeskiedenis vanaf Jan van Riebeeck verloën en dié van Brittanje as ons eie reken.**

Maar daar is die aantrekliker eerste alternatief. In sy artikel „Die Uniestaatsreg en sy historiese Grondslag" in „Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner Deel II" skryf H. ver Loren van Themaat soos volg: „Dieselfde wat gebeur het met die Kaap, het met die Transvaal en die Vrystaat gebeur. . . . . In 1907 het Transvaal en die Vrystaat hul parlemente gekry. Maar ook hier is dit in hoofsaak die Engelse staatsreg wat ingevoer is; tussen die ou republikeinse staatsinstellinge en die nuwe staatsreg bestaan daar dus geen verband meer nie: 'n volkome breuk tussen die oue en die nuwe het ontstaan. Ons kan die breuk in ons staatsregtelike ontwikkeling en die invoering van vreemde reg betreur en, by verandering in ons staatsregtelike grondslag byvoorbeeld deur die oorgang tot 'n republikeinse staatsvorm, seker oorweeg, in hoever 'n voortbou op die staatsreg van die Suid-Afrikaanse republiek wenslik is . . ."

### BOTSING

Ons beleef vandag 'n krisis: 'n botsing tussen die Engelse staatsreg en ons Romeins-Hollandse staatstelsel. **Die redmiddel is tog voor die handliggend. Gaan oor tot 'n republikeinse staatstelsel en 'n Romeins-Hollandse republikeinse staatsreg. Dan is daar geen moeilikheid meer tussen ons wetgewende en regterlike gesag nie. Dan kan hulle mekaar vind op gelyke grondslag!**

Ons Minister van Lande is in hart en niere 'n republikein, en hy sal seker geen beswaar hê as ons 'n paar klein korreksies in sy toespraak sal aanbring nie, sodat dit soos volg sal lees: **„Ná die verkiesing gaan wetgewing aangeneem word om die huidige parlementêre staatsvorm deur 'n eg-Suid-Afrikaanse te vervang en om so die harmonie tussen wetgewende en regterlike gesag te herstel. En die Nasionale Regering gaan dit doen. Die Afrikaners behoort tevrede te wees want die posisie met ons Volksraad sal dan net so wees as wat dit met die ou Transvaalse (en Vrystaatse) Republikeinse Volksraad was."**

§ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# BEHEERRAAD WIL DIE STRYD END-UIT STRY

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

distrik Hofmeyr, gebiedsleier van Oos-Kaapland, het gesê dat daar vandag baie sterk druk uitgeoefen word op O.B.-lede om terug te keer na die partypolitiek. Spreker sal dit nooit doen nie en hy is dankbaar om te weet dat die lede van die O.B. dit ook nooit sal doen nie.

Mnr. Marais het gesê dat hy gladnie pessimisties is nie. Hy het die vaste geloof dat die O.B. op die regte pad is. In die bereiking van ons doelstellings lê die redding van ons volk. Dit is derhalwe ons plig teenoor ons volk om die pad waarop ons loop end-uit te bewandel.

Die Patriot was ook op die regte pad en hy het sy vrugte afgewerp sodat ons vandag ons eie taal het. Die Republikein wat ons gaan uitgee sal ook sy vrugte afwerp. Môre, oormôre sal ons ons eie republiek hê, het mnr. Marais gesê.

### VROUE SAL WEER WERK

**Mev. C. F. Lombard, vroueleidster in Wes-Kaapland, het gesê dat die vroue gaan help — trouens reeds besig is — om fondse in te samel vir Die Republikein. Sy doen 'n beroep op die vroue in Kaapland om weer, soos van ouds, aan die werk te spring om geld en geesdrif te verskaf vir die verkondiging van ons mooi ideale.**

### SELFSTANDIGE STRYD

Tydens die besprekings van die vloer af waaraan besonder baie offisiere deelgeneem het, is veral twee standpunte onderstreep.

Eerstens, dat die stryd vir die doelstellings van die Ossewabrandwag moet voortgaan, ongeag terugslae, tot die dood of oorwinning toe. En boweal dat die stryd selfstandig gevoer moet word. Soos een offisier dit uitgedruk het: 'n Klein boompie kan nie 'n boom word in die skaduwee van 'n ander boom nie. Plant hom op die vlak waar hy alleen staan en daar sal hy groot word.

### ELKEEN SE TAAK

**Tweedens, dat dit moontlik is om oorgenoeg geld in te samel vir Die Republikein en nuwe intekenare te werf om die blad suksesvol uit te gee — indien elke eenheid van die O.B. hierdie taak onderneem en stelselmatig uitvoer.**

In hierdie gees het die Beheerraad dan ook besluit.

Die vroue van die O.B. het heerlike geregte bedien in die saal en die lede van die Beheerraad het 'n aangename en vrugbare dag deurgebring vanaf die oggend om 10-uur tot die namiddag om 4-uur.

## Te Vroeg Geërf

Vyf familielede van 'n 70-jarige ou dame, Elizabeth Tripcony, is in Engeland beboet omdat hulle haar van byna al haar eiendom beroof het solank sy in die hospitaal was. Hulle het gemeen dat sy sou sterf en het intussen beslag gelê op haar goed en geld. Sy het egter herstel en het by haar terugkoms gevind dat alles verwyder is.





Hoofkantoor:
**Waalstraat 28, Kaapstad.**
**Takke en Agentskappe Oral.**

**SANTAM**
**Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.**



Rembrandt

FILTER DE LUXE

*Standaard en
*Van Ryn grootte




*** Albei het die 'Golden Throat'-filter**
*** Albei het die room van die tabakoes**

ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK

Kooiere. RFA 9